**27 Mei**

## Geduld in beproewing en eensaamheid

**Skrifgedeelte: Klaagliedere 3**
**Fokusgedeelte: Klaagliedere 3:28-30**

Ons geloofstryd op aarde is nie maklik nie. Daar kom dae wanneer jy voel jy het hierdie geveg verloor. Soms voel jy asof jy heeltemal misluk het.

Om ’n geveg in ’n oorlog te verloor, bring tragiese gevolge, byvoorbeeld verlies aan fisiese goedere, maar ook hartseer, verdriet en eensaamheid. Die volk van Israel het dit veral ervaar nadat die Here hulle in die hande van Nebukadneser oorgegee het. In Klaagliedere hoor ons hoe die digter hulle lyding bewoord het.

Daar is egter, volgens die inhoud van hoofstuk 3, troos vir God se kind te midde van sy gevoel van verlies, verstotenheid en eensaamheid. Die troos is dat jy in God se hand is. Hy het dit alles toegelaat. Die digter sê dat dit selfs goed is vir jou geloof om beproef te word en eensaamheid te ervaar. Hy leer jou om al jou aandag op Hom te vestig. Hy leer jou geduld (vs 28), nederigheid (vs 29) en verdraagsaamheid (vs 30).

Jy weet mos dat Hy die beproewinge nie vir altyd sal laat voortduur nie. Met sy groot liefde en deernis vir jou is dit ondenkbaar dat Hy Hom nie weer oor jou sal ontferm nie. Jy moet net geduldig wag en op Hom vertrou.

*Sing: Psalm 4:2 (1936-beryming); Ps 42:3, 5 (2001-omdigting)*

*Ds. Bertie Ligthelm (Emeritus)*